LEERDER NOMMER	

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGS 2010

GRAAD 4 TAALLEER: AFRIKAANS

VAN _____ **GESLAG (MERK ☑)** | **SEUN** | **DOGTER** |

NAAM _____ **PROVINSIE** _____

GEBOORTEDATUM _____

SKOOL SE NAAM _____

EMIS NR. _____ **DISTRIK / STREEK** _____

Instruksies aan leerders:

1. **Lees al die instruksies deeglik.**
2. **Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.**
3. **Hierdie toets duur 45 minute.**
4. **Jou onderwyser/es gaan jou help om die voorbeeld oefeninge te beantwoord voordat jy die toets begin.**

Voorbeeldoefeninge

Voorbeeld 1

Omkring die letter met die regte antwoord.

Koeie voorsien ons van ...

a. kaas.

b. botter.

c. melk.

d. roomys.

Jy het die vraag reg geantwoord as jy **c** omkring het.

Voorbeeld 2

Nommer die sinne van 1 tot 4, in die blokkies, om die volgorde aan te dui wat Marie soggens voor skool doen.

a)	Marie ontmoet haar maats oppad skool toe.	4
b)	Marie word wakker en staan op.	1
c)	Sy is gereed om skool toe te gaan.	3
d)	Sy was haarself en trek klere aan.	2

Jy het die vraag reg geantwoord as jy die blokkies soos bo **genommer** het.

Let wel:

- In jou toets sal jy nog vrae soos beantwoord soos die wat jy nou voltooi het.
- Doen jou bes om die vrae te beantwoord, al is jy nie seker van die antwoord nie.
- Sryf die antwoord wat jy die beste is, neer en gaan aan met die volgende vraag.
- Blaai om na die volgende bladsy wanneer jy ‘n bladsy voltooi het.
- Kyk slegs na jou eie werk.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die storie en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr Blom, ‘n graad 4 onderwyser, het ‘n werkswinkel oor ‘n groentetuin by die skool bygewoon. Terug by die skool, het hy sy klas gevra of hulle ‘n groentetuin by die skool wil begin. Die groentetuin behoort op die volgende beginsels te werk: ‘n gedeelte van die groente kan die leerders huis toe neem en die res word vir skoolfonds verkoop. Die leerdes wou net dadelik begin. Meneer het hul eers gehelp om die tuin te omhein, sodat die diere nie die groente sal eet nie.

Voordat die leerders die groente geplant het, het Mnr Blom ‘n boek aan hulle gewys oor hoe om die grond voor te berei, Die leerders het hulleself in groepe verdeel en elke groep het ‘n stukkie grond voorberei vir hul eie groentes.

Me Meyer van die naaste kwekery het aan die leerders kool, uie, beet en spinasie saailinge gegee. Die leerders het die plantjies in rye geplant. Hulle het daagliks beurte gemaak om die saailinge nat te lei, asook gedurende die vakansie. Na ses weke kon hul reeds van die spinasie oes. Die leerders was baie opgewonde. Die ander groente het ook na verloop van tyd goed gegroei.

Die leerders was baie trots op hul tuin en wou alles wat hulle geleer het met hul gesinne deel. ‘n Gesinsdag is gereël en hulle ouers is uitgenooi om na hulle groentetuin te kom kyk.

1. Wie is die graad 4 onderwyser? (1)

_____

2. **Omkring die letter met die regte antwoord**. (1)

Kies die beste naam vir die storie.

A. ‘n Werkswinkel oor ‘n groentetuin.

B. Reëlings vir ‘n gesinsdag .

C. Ons skool se groentetuin.

D. Voorbereiding van tuingrond.

3. **Omkring die letter met die regte antwoord.** (1)

Waarom is die groentetuin omhein deur die leerders?

A. Sodat die tuin nie vuil moet word nie.
B. Die diere nie die groente kan eet nie.
C. Die diewe nie die groente kan steel nie.
D. Sodat motorkarre nie deur die tuin kan ry nie.

4. Waarom was die leerders trots op hul groentetuin?_____ (1)

_____

_____

_____

5. **Kies die regte woord uit die lys om die sin te voltooi.**

laaste	einde	nou	vinnig	dadelik

5.1 'n Ander woord vir ***onmiddellik*** is _____. (1)

5.2 Die teenoorgestelde van ***eerste*** is _____. (1)

6. **Skryf die volgende sin in die huidige tyd oor**. (1)

Mnr Blom het aan hulle 'n boek gewys.

_____

7. **Skryf die volgende sin in die toekomstige tyd oor**. (1)

Leerders het saailinge geplant.

_____

8. **Omkring die letter met die regte antwoord. Kies die regte werkwoord wat die verlede tyd van die woord in hakies aandui**. (1)

Die leerders (neem) beurte om die saailinge nat te lei.

A. ... was beurte neem ...

B. ... geneem beurte ...

C. ... het beurte geneem ...

D. ... het geneem beurte ...

9. Noem die twee planne wat die leerders met die groente gehad het.

9.1 _____ (1)

9.2 _____ (1)

10. **Die volgende sinne handel oor die verbou van groente in 'n tuin.** (2)

Nommer die sinne van 1 tot 4, in die blokkies, om die volgorde aan te dui.

a)	Leerders neem beurte om die tuin nat te lei.	
b)	Leerders plant saailinge in rye.	
c)	Van die spinasie kan geoes word.	
d)	Leerders berei die grond voor.	

11. Twee woorde in die paragraaf is verkeerd gespel. (2)

Vind die woorde en skryf dit reg oor.

Me Meyer het die leerders kool, eie en beet gegee om te plant. Die leerders was opgewonde omdat groente so vinig groei.

_____ , _____

12. Vul die regte voorsetsel vir die volgende sinne in.

12.1 Die leerders het groente saailinge _____ Me Meyer gekry. (1)

12.2 Hulle het beurte geneem om die saailinge daagliks nat te lei _____ die oggend. (1)

13. Skryf 5 sinne neer oor wat jy die meeste geniet het van die 2010 FIFA Wêreld Sokkerwedstryd. (5)

Gebruik korrekte spelreëls en taal.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Onderstaande is ‘n rooster vir busse wat daagliks vanaf Johannesburg stasie vertrek. Gebruik die busrooster om vrae 14 – 17 te beantwoord.

Busrooster: Maandag - Sondag

Vertrek-tyd	Bestemming	Aankoms-tyd	Vertrek-tyd	Bestemming	Aankoms-tyd
06:00	Durban	14:00	05:30	Port Elizabeth	15:30
07:00	Kaapstad	19:00	07:00	Durban	15:00
09:00	Durban	17:00	08:00	Kaapstad	20:00
10:00	Bloemfontein	14:00	09:30	Durban	17:30
11:30	Kaapstad	23:30	10:00	Kaapstad	22:00

14. Die bus arriveer 20:00 in _____. (1)

15. Omkring die letter met die regte antwoord. (1)

Hoeveel busse vertrek daagliks na Durban?

A. Een
B. Twee
C. Drie
D. Vier

16. Voltooi die tabel deur die aankomstye in te vul: (3)

	Bestemming	Aankomstyd
16.1	Tweede bus na Bloemfontein	
16.2	Derde bus na Durban	
16.3	Vierde bus na Kaapstad	

17. Skryf slegs die meervoud van die onderstreepte woord neer.

17.1 Die kind het die bus verpas. (1)

_____

17.2 Hy sit sy voet op die bus se sitplek. (1)

_____

17.3 Die span vertrek na Durban om voetbal te speel. (1)

_____

18. Ontwerp ‘n uitnodigingskaartjie vir jou verjaarsdag. (5)

Stel jou maats in kennis oor die datum, tyd en plek van die verjaarsdag-partytjie.

Einde van hierdie toets.

Dankie!